**17 Februarie**
**Skrifgedeelte: Matteus 15:21-28**

## Swyg God in jou lewe?

’n Ma bid hartroerend in die grootste nood. Die Here swyg. Verstaan jy dalk wat hierdie vrou in die gelese Skrifgedeelte deurgemaak het? Wat leer ons uit hierdie gedeelte?
In die eerste plek dat ons met God te doen het. Dit is die belangrikste. Tussen die gebed en die antwoord lê die soewereiniteit van God. Hy hoef haar – en ons – nie te antwoord nie. Hy is aan haar niks verskuldig nie. Sy was ’n Kanaäniet, terwyl Jesus na sy eie mense gekom het (Jes 53).
In die tweede plek moet ons weet dat ons op niks aanspraak kan maak nie. Ons het as kinders ons aanspraak verbeur deur ons sonde. In Christus se tyd sou ons deel gewees het van die heidendom. Om te bid, is om met leë hande voor God te kom, jou op sy genade alleen te beroep, te glo – ja, onvoorwaardelik in Christus te glo.
Alleen in en deur Hom is daar gebedsverhoring. Hierdie vrou gaan nie weg nie. Na wie anders kan ons gaan met ons gebede? Jy kan ophou bid, maar dan het jy ook opgehou om te glo. Daar is geen ander adres nie. Hy is die Messias. So roep sy Hom aan: “Here, Seun van Dawid!” Hy maak vir haar die deur oop, al is dit op ’n skrefie. Hy sê nie dit is onmoontlik of dit mag nie, net: “Dit is nie mooi … nie.” Hy noem haar ’n hondjie. Sy ontken dit nie, maar sê dat daar ook vir ’n hond genade is (vs 27). Een krummeltjie van God is vir haar genoeg. So honger is sy vir die ware Brood. So groot is haar geloof. Jesus is ontroerd.
Hy alleen het met ’n swygende God te doen gehad, ter wille van ons. Nou is daar toegang vir ons, en lewensbrood, tot in ewigheid.
*Sing: Psalm 130:1 Prof CFC Coetzee (Teologiese Skool Potchefstroom)*